



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 125**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AFDELING A op hierdie vraestel, slegs met potlood, in die spasies wat voorsien word.

3. Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwyder.

**NASIENROOSTER**

| AFDELING | VRAAG | TOTAAL | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A** | 1 | 9 | | |
| | 2 | 16 | | |
| | 3 | 13 | | |
| | 4 | 10 | | |
| | 5 | 12 | | |
| | | | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |
| **AFDELING B** | 6 | 6 | | |
| | 7 | 9 | | |
| | 8 | 7 | | |
| | 9 | 12 | | |
| | 10 | 10 | | |
| | 11 | 8 | | |
| | 12 | 8 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | | | | |
| | **SUBTOTAAL** | **65** | | |
| | **GROOTTOTAAL** | **125** | | |

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

Beantwoord VRAAG 1, 2, 3, 4 en ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

### VRAAG 1


1.1 Op watter toonleer is die musiekvoorbeeld hieronder gebaseer?




| **Antwoord:**<br>Heeltoontoonleer |
|---|

(1)

1.2 Voeg toevallige tekens (skuiftekens) by die volgende note om die Doriese modus op $F^{\#}$ te vorm.



**Antwoord:**




*Toevallige tekens = 4 punte ÷ 2 = 2 punte ($F^{\#}$ = 1, $C^{\#}$ = 1, $G^{\#}$ = 1, $D^{\#}$ = 1)*
*Geen punt vir die tweede $F^{\#}$*

(2)

1.3 Skryf F harmoniese mineurtoonleer op- en afgaande in die G-sleutel in 5/4 tydmaat met toonsoortteken. Dui die halftone aan met bogies.

**Moontlike antwoord:**




*Toonsoort en toevallige tekens = 1 punt*
*Ritme = 1 punt*
*Toonleer = 1 punt*
*Halftone = 1 punt*
*Minus ½ punt vir elke fout tot die maksimum van die puntetoekenning van die onderafdeling*

(4)

1.4 Noteer die TWEE drieklanke wat in G pentatoniese toonleer voorkom, in grondposisie.

**Antwoord:**





*1 punt elk. Geen halfpunte; korrek of verkeerd.*

(2)
**[9]**

**VRAAG 2**


Bestudeer die voorbeeld van *New Orleans Dixieland music* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.1 Daar is leerders in jou skool wat fluit, viool en altviool speel. Om hulle die geleentheid te gee om in jou orkes te speel, transponeer die instrumentale partye soos volg:

2.1.1 Transponeer maat 1 en 2 van die die klarinetparty vir fluit.

**Antwoord:**



*Notasie = 3 (minus ½ punt vir elke fout)* (3)

2.1.2 Transkribeer maat 1 en 2 van die tromboonparty vir altviool.


**Antwoord:**



*Sleutel = 1 punt*
*Notasie = 2 punte*
*Trek 'n ½ punt af vir verkeerde notasie* (3)

2.2 Skryf die ritmeparty van maat 1 by (a) oor in saamgestelde vierslagmaat. Voeg die nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**




*Een punt soos aangedui = 4 punte*
*Geen halfpunte.* (4)

2.3 Benoem die intervalle by (b) en (c).

**Antwoord:** (b) = Majeur 6de
(c) = Verminderde 5de
*1 punt elk. Geen halfpunte.* (2)

2.4 Skryf die omkering van die interval by (d) in die F-sleutel. Benoem die nuwe interval.

**Antwoord:**




*Mineur 6de*

*1 punt vir notasie*
*1 punt vir naam*
*Geen halfpunte*
*Enige nootwaardes aanvaarbaar* (2)

2.5 Skryf TWEE enharmoniese ekwivalente vir die note by (e).

**Antwoord:**




*1 punt elk* (2)

**[16]**

## VRAAG 3

Bestudeer die vierstemmige fragment hieronder en volg die instruksies.





3.1 Voltooi die fragment hierbo deur 'n bo-wisselnoot/-hulpnoot in die sopraanparty by (a) te demonstreer. (2)

3.2 Voltooi die fragment hierbo deur 'n vooruitneming in die sopraanparty by (b) te demonstreer. (2)

3.3 Voltooi die altparty by (c) om 'n terughouding te demonstreer.

**Antwoord:**




*1 punt per slag/pols by (a), (b) en (c)* (3)

3.4 Besyfer die akkoorde by (d), (e), (f) en (g), byvoorbeeld, G: $I^6$ or G/B.

**Antwoord:**

(d) $V^4/_2$, $V^{7d}$, $G^7/F$

(e) $i^6$, $i^b$, $C^{min}/E^b$

(f) i, $C^{min}$

(g) $ii^{o6}$, $ii^{ob}$, $D^{verm}/F$, $ii^6$

*1 punt elk. Enige notasiestelsel aanvaarbaar.* (4)

3.5 Benoem die toonsoort en die kadens waarmee die fragment by (c) eindig.

**Antwoord:**
C mineur, onderbroke kadens
*1 punt elk. Geen halfpunte.* (2)

**[13]**

**VRAAG 4**

Gebruik enige EEN van die aanvangsmotiewe hieronder om 'n twaalf-maat-melodie in ABA-vorm te voltooi. Voeg dinamiek en artikulasietekens by.

Instrument: Fluit




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrekte notasie: aantal mate, notesteeltjies, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring | 4 | |
| **TOTAAL** | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

**OF**

Instrument: Tjello




Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNTE |
|---|---|---|
| Vorm en kadenspunte | 6 (3 + 3) | |
| Musikaliteit: melodiese kontoer en klimaks | 8 | |
| Dinamiek en artikulasie | 2 | |
| Korrekte notasie: aantal mate, notesteeltjies, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring | 4 | |
| **TOTAAL** | 20 ÷ 2 = **10** | |

**[10]**

**VRAAG 5**

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1 Voltooi die volgende vierstemmige harmonisering deur geskikte akkoorde in die gegewe styl by te voeg:




**Moontlike antwoord:**




*Riglyne vir nasien:*
*Korrektheid* = *6 punte (–½ punt vir elke fout)*
*Akkoordkeuse/musikaliteit* = *6 punte*

**OF**

5.2 Bestudeer die werk hieronder en volg die instruksies.






5.2.1 Voltooi die klavierpartituur in die gegewe styl (12-maat-blues).

| **Antwoord:**<br>*Begeleiding moet die 12-maat-blues harmoniese struktuur volg. Kyk na partituur vir idees.*<br><br>*1 punt elk vir elke maat in die regterhandparty = 7 punte*<br>*1 punt elk vir elke maat in die linkerhandparty = 2 punte*<br>*Kyk voorbeeld-antwoord op volgende bladsy.* |
|---|

(9)

5.2.2 Benoem die akkoordsimbole vir die akkoorde in maat 13 by (a), (b) en (c).

| **Antwoord:**<br>*(a)* *$D^7$*<br>*(b)* *$G^7$*<br>(c) *$F^{\#verm}$/A of D7/A* |
|---|

(3)

**Moontlike antwoord:**






**[12]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS

Beantwoord AFDELING B in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.

Kandidate moet gekrediteer word vir enige ander korrekte antwoord wat nie in die memorandum voorkom nie.

### VRAAG 6

6.1 I
6.2 J
6.3 K
6.4 H
6.5 B
6.6 E
6.7 D
6.8 L
6.9 F
6.10 C
6.11 A
6.12 G (6 x 1) **[6]**

### VRAAG 7

7.1 Enige DRIE definisies *x 2 = 6 punte. Noodsaaklike feite word hieronder aangedui. Relevante antwoorde wat nie in die memorandum voorkom nie, kan volgens die diskresie van die hoofnasiener aanvaar word.*

| | | |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Bluestoonleer | 'n Sesnoot-toonleer met 'n verlaagde derde, vyfde en sewende. Die tweede en sesde trappe van die majeurtoonleer word weggelaat (C, E♭, F, F#/G♭, G, B♭). |
| 7.1.2 | Klassieke sonate | 'n Multibeweging (kontrasterende bewegings) instrumentale komposisie vir een of meer instrumente |
| 7.1.3 | Kwaito | 'n Musiekstyl wat in die 1990's in Johannesburg ontwikkel het. Dit is gebaseer op 'house'-musiek, gebruik 'n stadige tempo en diep baslyne. |
| 7.1.4 | Aërofoon | 'n Instrument waarvan die klank deur 'n vibrerende lugkolom gegenereer word, bv. koedoehoring of klarinet. |
| 7.1.5 | Poliritme | Die gelyktydige en herhaalde gebruik van verskillende ritmepatrone in verskillende partye of instrumente |
| 7.1.6 | Swing | 'n Jazz-styl wat vanaf 1935–1945 gefloreer het en hoofsaaklik deur 'big bands' gespeel is. Dit kombineer 'n konstante slag/pols en presiesheid met ligsinnige ritme en 'n gevoel van ontspanning. |

(6)

7.2 7.2.1 Pentatoniese toonleer

7.2.2 Oratorium

7.2.3 Kadens

7.2.4 Drieledige vorm

7.2.5 Homofonie (3)

**[9]**

**VRAAG 8**

| |
|---|
| *Barok en Klassieke invloed = 3 punte*<br>*Vorm = 4 punte* |

**Barok en Klassieke invloed**

- Tema en variasies wat in verband gebring kan word met die Barok-grondbas (ook genoem die passacaglia)
- Geleende tema van Bach se Kantate Nr. 150*, Unto Thee, O Lord I Lift up my Soul*
- Variasievorm, geleen van die Klassieke tydperk
- Brahms is 'n goeie voorbeeld van 'n komponis wat sekere Klassieke tradisies in die Romantiese styl voortgesit het (3)

**Vorm en struktuur**

- Brahms pas die Klassieke vorms aan by sy individuele styl in sy vier simfonieë
- Die vierde beweging van die *Vierde Simfonie* bestaan uit 'n tema, dertig variasies en 'n koda, wat in drie groot seksies en 'n koda georganiseer word
- ABA-koda
- A – Tema en variasie 1–11: Vinnig, kragtig en intens
- B – Variasies 12–15: Ontspanne, stadiger tempo, majeurtoonsoort
- A – Variasies 16–30: Vinniger tempo, mineurtoonsoort, energieke stemming
- Koda – Herhaling van die hooftema, maar met meer vryheid (4)

**[7]**

**VRAAG 9**

*Punte sal soos volg toegeken word:*
*Een punt per feit. Maksimum = 10 punte.*
*Komponiste (1 punt) en enige verteenwoordigende werke (1 punt) = 2 punte*
*Minus 2 punte indien nie in opstelformaat (inleiding, hoofinhoud, gevolgtrekking)*

9.1 **IMPRESSIONISME**

**Kenmerke**

- Impressionisme ontstaan in die visuele kunste om 'n styl van skilderkuns deur 'n groep Franse kunstenaars van die laat 19de eeu te beskryf (bv. Monet, wie se skildery Impression: Sunrise komponiste en ander beïnvloed het) en wat Impressioniste genoem is.
- Debussy is beïnvloed deur die werk van simbolistiese digters en Impressionistiese skilders.
- 'n Styl wat gedy het vanaf die einde van die Romantiese periode tot die begin van die twintigste eeu.
- Skep stemming en atmosfeer deur die gebruik van suggestiewe titels en geleentheidsherinneringe van natuurlike klanke, dansritmes en kenmerkende melodiese fragmente.
- Subtiele veranderinge van toonkleur is net so belangrik soos tematiese kontraste vir vroeëre musiek is.
- Debussy neig om 'n akkoord eerder vir sy spesiale kleur en sensuele kwaliteit te gebruik as sy funksie in 'n standaard harmoniese progressie.
- Die tradisionele dominant na tonikakadens kom selde in sy musiek voor.
- Die pentatoniese en heeltoontoonleer kan materiaal van melodieë en akkoorde voorsien.
- Die ritme is vaag en dikwels verberg deur sinkopasies en onreëlmatige onderafdelings van die slag/pols.
- Verkies melodiese variasie bo die ontwikkeling van motiewe.
- Vokale lyne stel dikwels 'n soort resitatief voor.

**Komponiste**

- Komponiste wat deur Impressionisme beïnvloed is, is Debussy, Ravel en Delius. (Noem ten minste TWEE komponiste.)

**Verteenwoordigende komponiste en werke**

- Debussy: *Voiles*
- Debussy se enigste opera, *Pelléas et Méllisande,* vorm die kern van Impressionisme met sy vae, misterieuse plot en sy digterlike atmosfeer en subtiele toonkleure.
- Enige ander relevante werke deur Ravel (*Histoires Naturelles*, sangsiklus) of Delius (*Sea Drift*, orkeswerk)

**OF**

9.2

**NEOKLASSISISME**

**Kenmerke**

- Die musiek van baie komponiste soos Stravinsky en Hindemith het van ongeveer 1920 tot 1950 stylkenmerke van vroeëre periodes, veral die van die agtiende eeu, gereflekteer.
- 'n Musikale beweging (veral in die 1020's) wat teen die sappige, emosionele, chromatiese romantisisme van musiek wat teen die einde van die negentiende eeu en begin van die twintigste eeu gekomponeer is, gerebelleer het.
- Aspekte van Neoklassieke musiek het klem geplaas op helderheid van tekstuur, ligte orkestrasie, terugkeer na die agtiende eeuse respek vir kontrapunt en hegte musikale vorms.
- Neoklassisisme het eenvoudigheid en helderheid van lyne en struktuur beklemtoon.
- Dit is in kontras met die programmatiese toondigte van Strauss en die vae atmosfeer in Dubussy se Impressionisme.
- Die melodieë en harmonieë is diatonies en tonaal, en nie chromaties en atonaal soos in die musiek van Schoenberg nie.
- Soms is meer as twee toonsoorte gelyktydig gebruik (politonaliteit).
- Alhoewel Neoklassieke komponiste na die verlede gekyk het vir inspirasie, het hulle aan hul musiek 'n definitiewe twintigste-eeuse kleur gegee, bv. onverwagse modulasies, skielike melodiese veranderinge, ens.
- Teksture is dikwels polifonies met botsende dissonante.
- Die meeste Neoklassieke musiek was tonaal en het majeur en mineur toonlere gebruik.
- Komponiste het duidelike polifoniese teksture verkies, soos fugas, concerti grossi en Barokdanssuites.

**Komponiste**

Komponiste: Stravinsky, Hindemith en Poulenc, Prokofiëf (*Pieter en die Wolf,* orkeswerk)

**Verteenwoordigende komponiste en werke**

- Stravinsky: *Pulcinella* wat op temas uit Pergolesi gebou is
- Stravinsky: *The Rite of Spring,* ballet
- Stravinsky: *Le Baiser de la fée,* ballet
- Enige ander relevante werke deur Hindemith (*Sonate in G vir Hobo en Klavier*) of Poulenc (*Les Biches*, orkeswerk)

**OF**

9.3 **MUSIEKTEATER**

**Kenmerke**

- Hoofsaaklik in Amerika ontwikkel.
- 'n Goue tydperk in Amerikaanse musiekteater is vanaf ongeveer 1920 tot 1960 geskep deur liedjieskrywers en komponiste soos George Gershwin, Leonard Bernstein, Cole Porter en Richard Rogers.
- Musikale komedie neem sy definitiewe vorm aan in die 1920's met 'n reeks uitvoerings wat op vinnige libretto's gebaseer is.
- Musikale komedie word later in die dekade 'n minder bekrompe produk, met karakters en plotte geneem uit die Amerikaanse leefstyl buite New York en met musiek wat soms nie-stedelike style weerspieël.
- Met die verandering van rigting in Amerikaanse populêre musiek deur rock and roll in die 1950's, het musiekkomedies aanvanklik aan sy eie musikale styl en verhoogkonvensies vasgeklou, met *My Fair Lady* (Frederick Loewe, 1956) en *Funny Girl* (1964).
- 'n Groot prestasie word bereik in die samesmelting van dans en drama in 1943 met die musiekblyspel *Oklahoma!* wat 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Amerikaanse musiekblyspel ingelei het.
- Gewoonlik 'n musiekblyspel in twee bedrywe.
- Die tweede bedryf is korter en herhaal sommige van die melodieë wat vroeër gehoor is.
- Die liedere bestaan tradisioneel uit 'n inleidingseksie (genoem die *vers*) en 'n hoofseksie (genoem die *refrein)* in AABA-vorm (32 mate).
- Struktuur en algemene styl is soortgelyk aan Europese operette met gesproke dialoog wat dramatiese situasies ontwikkel geskik vir lied, ensemblenommers en dans.
- In kontras met opera gebruik dit eenvoudiger harmonieë, melodieë en vorms, en bevat gesproke dialoog.
- Omgewing gewoonlik kontemporêr en stedelik.
- Die musikale styl was vierkantig in die stroom van populêre liedjieskryf van daardie tyd.
- Musiekblyspele het 'n verskeidenheid musikale en dramatiese bronne van die laat negentiende eeu en die vroeë twintigste eeu gebruik, bv. operette, vaudeville en revue.

**Komponiste**

- Komponiste: Gershwin, Andrew Lloyd Webber, Bernstein, Frederick Loewe

**Verteenwoordigende komponiste en werke**

- Gershwin: *Porgy and Bess*
- Andrew Lloyd Webber: *Phantom of the Opera*
- Bernstein: *West Side Story*
- Frederick Loewe: *My Fair Lady*

**[12]**

**VRAAG 10**

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | • Die Nasionale Volkslied word in vyf Suid-Afrikaanse tale gesing (isiZulu, isiXhosa, Sesotho, Afrikaans en Engels).<br>• Gekomponeer deur E Sontonga en ML de Villiers, beide uit verskillende kulturele agtergronde.<br>• Die twee liedere is verbind met 'n passasie geskryf deur Mzilikazi Khumalo, 'n bekende Afrika-komponis.<br>• Engelse woorde is aangepas by bestaande musiek deur J Zaidel-Rudolph.<br>• Afrikaanse teks is geskryf deur CJ Langenhoven.<br>*(Enige drie)* | (3) |
| 10.2 | • Vasgestelde akkoordprogressies<br>• 4/4-tydmaatteken<br>• Toonhoogte word gedraai in vokale en instrumentale voordrag<br>• 'n Belangrike kenmerk is musikale riff<br>• Drie vier-maat-frases, wat die vokale kleur (onderbrekings) met die instrumentale in 'n vraag-en-antwoord-patroon afwissel<br>• Instrumentale begeleiding kom dikwels in die ritmiese seksie (klawerbord, bas en tromme) en ander instrumentale soliste voor<br>*(Enige drie)* | (3) |
| 10.3 | SAMRO = Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie *(1 punt)*<br><br>Doel en funksie:<br>• Registrasie van kopiereg van musiekkomposisies<br>• Betaling van tamtième aan lede<br>• Administrasie van pensioene van lede<br>• Skakel met ander soortgelyke internasionale musiekregte-organisasies<br>• Hulle hou toesig oor die gebruik van musiekuittreksels in rolprente, radio en TV<br>*(Enige drie = 3 punte)* | (4)<br>**[10]** |

## VRAAG 11

*Punte sal soos volg toegeken word:*
*Enige VIER konsepte x 2 feite = 2 x 4 = 8 punte*

11.1 **Melodie**

- Melodieë is aanpasbaar.
- Gewone wysies verander dikwels in 'swing'-melodieë deur veranderinge in ritme en toonhoogte.
- Melodieë word baie versier en gesinkopeer.
- Melodieë word in bebop baie vinnig gespeel, gewoonlik unisoon deur twee hoof-instrumente.
- Homofoniese tekstuur word dikwels gebruik.
- Melodieë was baie onreëlmatig met spronge en ongewone intervalle.
- Bebop-melodieë is op komplekse akkoorde gebou wat bestaan het uit ses of sewe note, eerder as op die vier- of vyfnootakkoorde wat vroeër in jazz gebruik is.

11.2 **Vorm**

- Die vorms wat uitvoerig in jazz gebruik word, is die twaalfmaat-blues en die sestien- en twee-en-dertigmaat-liedvorm.
- Liedjieskrywers en komponiste soos George Gershwin, Leonard Bernstein, Cole Porter en Richard Rogers het die 32-maat (AABA)-liedere geskep wat die hoofrepertorium van jazz-spelers gedurende die swing-en bebop-eras gevorm het.
- Blues-en 32-maat-liedere was dikwels die beginpunt vir jazz-musikante en het die hoofmateriaal vir improvisasie verskaf.
- Die 32-maat-melodieë se buitelyne was gewoonlik AABA. 'n Agt-maat-seksie is gestel en dan herhaal (AA). 'n Kontrasterende agt-maat-seksie (B) volg, waarna daar 'n terugkeer is na die openingseksie (A).
- Met die ontwikkeling van jazz het nuwe vorms ontstaan, bv. uitgebreide vorms en deurgekomponeerde vorms.

11.3 **Harmonie**

- Dieselfde melodieë word dikwels op 'n paar verskillende maniere geharmoniseer.
- Die eenvoudige drie-akkoordstruktuur van die blues word harmonies kompleks binne jazz-uitvoerings, met die gebruik van benaderings- (voorafgaande) akkoorde, gealtereerde akkoorde en plaasvervangende akkoorde.
- Jazz-musikante het dikwels populêre liedere weer geharmoniseer deur gebruik te maak van tritonus-plaasvervangers en benaderingsakkoorde.
- Hulle versprei akkoordstrukture in ses- of sewe-noot-intonering (sewendes, negendes, elfdes en dertiendes).
- Basiese harmoniese progressies van bekende liedere word saam met nuwe en bekende wysies voorsien.
- Terwyl die harmonieë van bebop baie kompleks is, beweeg die harmonieë in modale jazz stadig, en het spelers modale toonlere gebruik om op hierdie akkoorde te improviseer. Akkoorde kan vir agt tot sestien mate klink voor daar na die volgende akkoord beweeg word.

11.4 **Ritme**

- Die meeste musiek word geskryf in 4/4-tyd, maar jazz-walse kom algemeen voor. Sommige werke word in onreëlmatige tydmaattekens geskryf, bv. 7/4.
- Sinkopasie en ritmiese swing is twee van die mees algemene kenmerke van jazz.
- Die aksent val dikwels op die swak slae/polse.
- Gesinkopeerde ritmes word algemeen gebruik.
- Ritmiese swing: speel van 'n reeks note wat effens ongelyk is. Die tweede noot in 'n paar agstenote sal 'n bietjie korter as die eerste noot wees.

11.5 **Toonkleur**

- Unieke stem- en toonkleur van stemme of instrumente.
- Instrumentaliste boots dikwels sangstyle na.
- 'n Jazz-klank word bereik deur die manier waarop tone aangeslaan, aangewend en beeïndig word.
- Vibrato word gebruik.
- 'n Verskeidenheid van toonhoogte-infleksies wat as 'smears', gly ('scoops'), 'fall-offs' en trillers ('shakes') beskryf word, word gebruik. **[8]**

**VRAAG 12**

Punte sal soos volg toegeken word:
*Biografiese besonderhede = 2 punte*
*Stylkenmerke = 4 punte*
*Verteenwoordigende werke = 2 punte*

**Mzilikazi Khumalo**

- Hy is gebore op 20 Junie 1932 in KwaZulu-Natal.
- Onder leiding van Charles Norbum toonset hy baie gedigte van BW Vilikazi.
- Hy studeer sang onder prof. Khabi Mngoma en Zandi Casan.
- Sy koraalwerke is in 'n polifoniese styl, waar die verskillende stempartye melodiese materiaal bevat wat ewe belangrik is.
- Sy skryfwerk reflekteer die Afrika-tradisie met die gebruik van baie herhaling van kort, melodiese fragmente.
- Diatoniese harmonieë word gebruik.
- Daar kom dikwels parallelle beweging tussen die verskillende stemme voor.
- Sinkopasie is uitvoerig in die musiek teenwoordig.
- Hy het sy eerste werk gekomponeer in 1959 met die naam *Ma Ngificwa Ukufa.*
- Baie van die tradisionele liedere wat hy by sy moeder geleer het, is verwerk vir koor, bv. *Sangena, Bawo, Thixo Somandla* en *Sizongena Laph'emzini.*
- Sy epiese vertellende kantate, *Ushaka KaSenzangakhona,* wat handel oor die lewe van Shaka, word goed deur gehore ontvang. Dit kombineer twee kulturele tradisies – Zulu-gedigte en -liedere en die instrumentale en orkestrale tradisies van Europa.

**Niel van der Watt**

- Hy is gebore in Pretoria op 28 Desember 1962.
- Hy ontvang sy formele musiekopleiding by die Universiteit van Pretoria en Unisa.
- Hy werk by Pretoria Boys' High School vanaf 1987 waar hy tans die Hoof van Musiek is.
- Sy styl is sterk gevestig in die Wes-Europese en Afrika- vokale tradisies.
- Musiek is gevestig in die tonale stelsel, maar maak gebruik van modulasies in ververwyderde toonsoorte en uitgebreide tonaliteit om sy werke te verryk.
- Alhoewel dissonansie gebruik word, domineer dit nooit sy werke nie.
- Van der Watt gebruik tipiese Afrika-ritmepatrone en harmonieë in sy musiek.
- Hy toonset gedigte van prominente Afrikaanse digters (Antjie Krog, NP van Wyk Louw).
- Die meeste van sy werke is vir koor en solostemme, alhoewel hy ook kamermusiek en musiek vir orkes komponeer.
- Hy gebruik formele strukture, soos ABA, ens.

Sy werke sluit die volgende in:

- *Liedwerk van die Klip* (2000–2003) – 'n sangsiklus gebaseer op die tekste van NP van Wyk Louw
- *Kamermusiek* (2004)
- *Missa de Meridiana Terra* (2005)
- *African Dawn, Noon, Dusk* (1997)

**SJ Khoza**

- Shalati Joseph Khoza is 'n Tsonga-komponis en koorleier.
- Hy begin komponeer terwyl hy op skool is.
- Hy voltooi 'n M.Mus-graad by die Universiteit van Pretoria.
- In 2003 ontvang hy 'n toekenning as Liedkomponis van die Jaar deur SARRAL.
- Sy werke is sterk gebaseer op Afrika-folk-tradisies.
- Sy koorwerke is meestal polifonies, met verskillende stempartye wat ewe belangrike materiaal sing.
- Herhaling van motiewe kom algemeen in sy werke voor.
- Komponeer meestal vir volwasse kore in a capella-styl.
- Komponeer ook koorwerke vir kinders.
- Elemente van die Afrika-musiek-tradisisie word gebruik, soos liggaamsbeweging, vraag en antwoord, ens.
- Sikliese strukture is teenwoordig.
- Hy gebruik eenvoudige harmonieë.
- Vokale melodieë oorskry selde die omvang van 'n oktaaf.

Sy werke sluit in:

- *Famban'Kahle* – 'n werk vir SATB
- *Ndzhaka ya tinsimu* – 'n versameling van erfenisliedere
- *Africa Lontshwa*
- *Ndzhaka ya tinsimu*
- *Dzunse Ra Ndabezitha* **[8]**

**VRAAG 13**

*Enige VYF x 1 = 5*

13.1 **Definisie:**

- Vraag en antwoord is 'n musikaledialoog-vorm wat uit 'n kort frase met 'n hoofstemparty bestaan, en wat deur die koor geantwoord word met woorde of musikale frases wat gewissel word in 'n soort gesprekvoering
- Die vraag en antwoord kan oorvleuel (3)

13.2 '***Plea from Africa***' deur JK Bokwe

- In hierdie werk kom vraag en antwoord tussen die sopraan en die ander stemme voor.
- Die vraag en antwoord begin in die B-seksie, met die sopraanstemme wat lei en die ander drie stempartye wat antwoord.
- Die antwoord kom twee slae/polse na die vraag voor en oorvleuel met die vraag.
- Die vraag gebruik gepunteerde ritmes en die antwoord sing in egalige agste- en kwartnote.
- Die vraag en antwoord is twee frases lank. Elke frase bestaan uit twee mate. (2)

**OF**

***Monna e Motenya*** verwerk deur Bonisile Gcisa

- Vraag en antwoord kom in hierdie werk van die begin af voor tussen die sopraan en die ander stemme.
- Die koor antwoord na twee slae/polse in die A- en die B-seksies.
- Elke viermaatfrase word onderverdeel in twee kleiner tweemaatfrases wat alternatief met 'n onvolmaakte en volmaakte kadens eindig.
- Die eerste party van die tweemaatfrases bestaan uit 'n vraag en antwoord en die stemme harmoniseer in die tweede deel van die frase saam. (2)

**OF**

***Gabi, Gabi*** verwerk deur William C Powell

- Die vraag en antwoord vind tussen die tenoor en die ander stemme plaas.
- Die vraag in die tenoorparty duur twee-en-'n-half mate waarna die koor antwoord.
- In maat 9–12 en maat 17–20 volg die vraag en anwoord vinniger op mekaar. (2)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**
**GROOTTOTAAL: 125**

Kopiereg voorbehou